

**Sing vooraf:** Psalm 138:2 (p. 670)

- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!  
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.  
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,  
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 145:1, 11 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 11 Hy gee die wens van almal wat Hom vrees; / op hul geroep wil Hy 'n redder wees.  
Sy hand verdelg die goddelose, maar / die wat Hom liefhet, sal die Heer bewaar.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

Psalm 4:2 (p. 15)

- 2 Weet dat die HEER vir Hom tevore / 'n gunst'ling afgesonder het,  
en dat hy, deur God self verkore, / nooit op sy swerftog is verlore,  
maar dat die HEER hom hoor en red. / Beef dan, o dienaars van die sonde,  
oortree nie teen sy heil'ge wil. / Deursoek jul hart in stille stonde,  
as eensaamheid omsweef jul sponde, / verwag die HEER en wees net stil.

Skriflesing: Genesis 3:1-15 en Romeine 3:1-8

Teks: Genesis 3:23; Kategismus Sondag 3

**Toe stuur die HERE God hom weg uit die tuin van Eden om die grond te bewerk waaruit hy geneem is. (Genesis 3:23 AFR1953)**

Elke mens ervaar die geweld wat die sonde elke dag aanrig. Maar die ware gelowige ervaar die krag van God se genade baie sterker as die pyn van sy ellendes.

In die skepping is daar groot en opmerklike verskille tussen die dinge wat die Here alles gemaak het.

- Die diere is net stoflik gemaak.
- Die engele is net geestelik gemaak.
- Die mens het altwee hierdie wêrelde in hom, want hy is liggaam en siel.

Dit maak dat daar tussen God en die mens 'n oneindige groot verskil bestaan, maar tog ook 'n geestelike ooreenkoms.

- Geestelik is die mens na Gods beeld geskape.

- Dit beteken dat hy wysheid in sy verstand het en dat daar skrandtheid in sy oordeelsvermoë is.
- Dit beteken ook dat daar heiligheid in sy wil is – hy kan teen alles wat onheilig is, weerstand bied as hy wil.

Toe die mens geskape is, het hy God in sy heerlijkheid geken.

- Die mens was deur die Here gemaak om die toonaangewer in die loflied van die skepping te wees.
- Hy was aan die begin bestem om in ewige saligheid met God te lewe.
- Hy het God in die almag van sy werke geken soos wat dit vars rondom hom in die skepping gelê het.
- Hy het die Here werklik liefgehad.
- Hierdie liefdesband is versterk deur sy kinderlike gehoorsaamheid aan die Here.

Samevattend kan ons sê dat die mens in geen enkele opsig boos of sleg geskape was nie. Tog het die mens in 'n onnoembare klomp ellendes beland. Waar het dit vandaan gekom?

- Ons kan uit die skeppingsgeskiedenis sommer dadelik antwoord dat die Here nie die oorsaak is van die mens se ellendes nie.
- Daar bly net twee ander moontlikhede oor wat die mens tot sy val in sy ellendes kon verlei:
  - o Die duiwel en die mens self.
  - o Uiteindelik was dit toe die mens self wat in sonde geval het onder die aanvuring of verleiding van die duiwel.

Dit is nie nodig om op die hele kwessie in te gaan van hoe Adam en Eva verlei is om van die verbode vrugte te eet nie, want ons almal ken die gebeurtenis baie goed.

Wat wel nodig is om te doen, is om te kyk na die effek wat dit op ons het.

- Ons is uit ons onskuld uit in die sonde in.
- Ons het ons heerlijkheid verloor en dit is vervang met die vloek van die Here en met die ellendes wat daarop gevolg het.
- Ons het die ewige lewe op die aarde verloor en in die plek daarvan het ons die dood as straf gekry.
- Die nabyheid van die Here is vervang met versoeking en oorheersing deur die duiwel.

Die bedoeling van die proefgebod waarvoor Adam geplaas was, was om hom in die geleentheid te stel om sy gehoorsaamheid aan die Here te wys.

- Sy ongehoorsaamheid het dus duidelik bewys dat hy teen die uitdruklike opdrag om gehoorsaam te wees, ingegaan het.
- Die Here noem dit in die Romeinebrief 'n misdaad wat Adam gepleeg het. Luister na Romeine 5:15 waar die volgende woorde geskryf is:

**Maar dit is met die misdaad nie soos met die genadegawe nie; want as deur die misdaad van die één baie gesterf het, veel meer het die genade van God en die gawe deur die genade van die een mens, Jesus Christus, vir baie oorvloedig geword. (Rom. 5:15 AFR1953)**

Dit is uit Genesis 3:3 baie duidelik dat die mens sy gehoorsaamheid aan die Here beloof het, en dat hy daarmee die krag gehad het om gehoorsaam te wees as hy regtig wou gehoorsaam wees.

- Dit kon ook nie te moeilik gewees het om die Here in totale gehoorsaamheid te dien

- nie, want Adam het in die oorfloed van die Paradys gebly en daarvan gelewe.
- Of het hierdie oorfloed en volmaaktheid juis daartoe bygedra dat Adam te gewoon geraak het aan die genade van die Here en dit toe verag het?

Dit punt is net dat die Here in Romeine 5:12 en 19 openbaar dat deur hierdie daad van Adam alle mense daarna aan die sonde en die dood onderworpe was.

- Die Here is nie onregverdig omdat Hy dit so laat gebeur het nie, want Hy het 'n verbond met Adam gehad dat Adam Hom as God en Skepper sou aanbid en sy skepping sou bewerk en bewaak.
- Dit beteken dat alle mense wat uit Adam gebore word, deel sal wees van die verbond – of in ons geval van die straf wat gevolg het op die verbreking van die verbond.
- Dit is waarom daar op verskillende plekke in die Bybel geskryf staan dat die hele mensheid in Adam tot 'n val gekom het (bv. 1 Kor. 15:23; Joh. 3:6).

Lees hierby artikel 15 NGB agter in Psalmboek.

#### *DIE ERFSONDE*

*Ons glo dat die erfsonde deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het. Dit is 'n verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeërfde gebrek waarmee selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is. Dit is hierdie wortel wat in die mens allereerste sonde laat uitspruit. Dit is daarom so afskuwelik en gruwelik voor God dat dit rede genoeg is om die menslike geslag te verdoem. Dit word selfs nie deur die doop geheel en al tot niet gemaak of volkome uitgeroei nie, aangesien die sonde aanhoudend uit hierdie verdorwenheid opborrel soos water uit 'n giftige fontein. Dit word die kinders van God ewenwel nie tot verdoemenis toegereken nie maar deur sy genade en barmhartigheid vergewe. God vergewe nie sodat die gelowiges in die sonde gerus sou slaap nie maar wel sodat die besef van hierdie verdorwenheid hulle dikwels sou laat sug in die verlange om van hierdie liggaam van die dood verlos te word. Ons verwerp hiermee die dwaling van die Pelagianen, wat sê dat hierdie sonde uit niks anders as uit navolging ontstaan nie.*

*Die punt is net dat die mens wat so rein geskape is, so diep geval het dat hy nou met 'n vuil hart gebore word, en as hy nie werklik iets daaraan doen nie, sink hy elke dag nog dieper in in die verderf is.*

Die vraag in ons harte is nou: Is daar hoegenaamd 'n toekoms vir sulke mense?

- Daarop is die antwoord hard en duidelik: Ja!
- Al het die mens nie die mag om uit die sonde op te staan nie, en al het hy nie die vermoë om hom weer op te hef tot op die vlak van heiligheid waarmee God hom geskape het nie, verander die Here in sy genade mense terug tot wat hulle behoort te wees.

Dit doen die Here deur al die straf wat op ons behoort neer te kom as gevolg van ons misdade, te straf aan die persoon van Jesus Christus.

- Daarmee kom die toorn van die Here oor ons sondeval en die nalewing daarvan heeltemal tot rus.
- Maar daarmee saam word al die ou eise waarvoor Adam gestaan het, ook weer nuut aan ons gestel.
- As verlostes moet ons die beeld van heiligheid wat ons in Jesus Christus het, vertoon.
  - o Uit die aard van die saak kan jy net iets vertoon wat jy het.

- o Jy moet dus heilig wees om heilig te kan lewe.

Dit is ook nie so onmoontlik as wat dit klink nie, want die Vader en die Seun het die Heilige Gees uitgestort om elke gelowige te leer en te lei.

- Die nuwe lewenskrag om nuut en heilig te kan lewe word deur God die Heilige Gees voorsien.
- Maar om met die Heilige Gees te kan saamwerk, is bekering nodig. Die Heilige Gees bewerk wedergeboorte – dit is waar. Maar ons moet darem ook self bekeer wil wees.

As ons werklik heilig wil lewe, en as ons ons verdiep in die verlossing deur die Here Jesus Christus, sal ons onself voortdurend voor die Here verootmoedig.

- Dan sal ons altyd dink oor ons sondes.
- Dan sal ons ook altyd met volle krag daarmee wil breek.

Dit sal op sy beurt weer net kan gebeur wanneer ons opreg verlang om verlos te wees van die duiwel en alles wat hy met hom saamdra. Dit is dinge soos sonde, valsheid, haat, oneerlikheid en al die ellendes wat daaruit gebore word.

Dit is waar dat die sonde gebeur het.

- Maar dit is net so waar dat die genade van die Here gebeur het en nog steeds gebeur.
- Die Here se genade is baie groter as die mag van die sonde.

Dien die Here met blydschap totdat ons deur die poorte van sy troonsaal ingaan met gejubel en lofsange saam met die engele.

Kom ons lees Kategismus Sondag 3 saam.

**Vraag 6: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?**

**Antwoord:** Nee, God het die mens goed (a) en na sy ewebeeld geskep (b). Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys (c). a) Gen 1:31. (b) Gen 1:26, 27. (c) Ef 4:24; Kol 3 2 Kor 3:18.

**Vraag 7: Waar kom hierdie verdorwe natuur van mens dan vandaan?**

**Antwoord:** Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys (a). Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word (b). (a) Gen 3; Rom 5:12, 18, 19. (b) Ps 51:7; Gen 5:3

**Vraag 8: Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?**

**Antwoord:** Ja (a), behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word (b). (a) Gen 8:21;6:5; Job 14:4; 15:14, 16, 35; Joh 3:6; Jes 53:6. (b) Joh 3:3, 5;1 Kor 12:3; 2 Kor 3:5.

**Amen.**

Slotgebed

Skrifberyming 1-1:3 (24:3)

- 3 Tot roem en prys van Gods genade, / die grond van ons behoudenis,  
sing ons nou van sy reddingsdade / in Hom wat die Geliefde is.  
Uit Hom in wie ons nou weer vry is / van skuld, deur sy verlossingsbloed,  
in Hom, in wie die heil berei is, / kom seënstroom ons tegemoet.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal. **Amen.**

**Dr MJ du Plessis**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**Datum:1 Februarie 2009**